

SEEWAARNEMING (B)



Graad 2

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Te laat besef dat die see 'n belangrike rol in ons land speel.
2. Onder die indruk van die grootsheid van God se skepping te bring.
3. Te leer om die see te respekteer en waardeer.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Luister na 'n Bybelverhaal waar die see 'n rol gespeel het.
2. Kennis neem van die verskille tussen hoogwater en laagwater.
3. Weet watter gevaar strome by die rotse en by die swemplek inhou.
4. Weet wat is die doel van die twee vlaggies by sommige strande.
5. Kyk hoeveel verskillende soorte skulpe klou aan die rotse vas.
6. Die lewe in 'n rotspeel dophou en kan vertel wat hy waargeneem het.
7. Kyk hoeveel verskillende voëls hy kan waarneem en identifiseer (gebruik boeke vir identifisering).
8. 'n Opname maak van wat alles op die strand uitspeel.
9. Die gevaar ken van 'n bloublasie en weet hoe om die brand van 'n bloublasie te behandel.
10. 'n Bruikbare artikel maak van materiaal wat op die strand opgetel is.
11. 'n Maaltyd waarvan minstens een bestanddeel uit die see kom, geniet.
12. Kennis maak met die gebruike van produkte uit die see. Sout, visprodukte, seewier, bamboes en skulpe.
13. Luister na die verhaal van Wolraad Woltemade.

C AANBIEDING

1. Vereiste 1/2/6/7/10/12/13 - Opdrag duidelik.
2. Vereiste 3 Dit is beter om strominge om die rotse en op die strand vir hierdie ouderdomsgroep te verduidelik in plaas van diepseestrome wat in elk geval nie van die strand af sigbaar is nie.
3. Vereiste 4 Dit is belangrik dat kinders besef wat die doel en waarde van die twee vlaggies by strande, wat druk besoek word, is.
4. Vereiste 5 'n Groot verskeidenheid skulpe kan met laagwater op die rotse gesien word. Dit is belangrik dat hulle net die verskeidenheid moet raaksien, identifiseer en waardeer.
5. Vereiste 8/10 Die vullis kan opgetel word en in 'n sak gegooi word, die res word neergeskryf. Die doel is om oplettendheid te bevorder.
6. Vereiste 9 Bloublasies kom op alle strande voor en die kind moet bewus wees daarvan.
7. Vereiste 11/12 Die kinders hoef nie self die kos voor te berei nie.
8. Vereiste 13 Opdrag duidelik